*Deel 1. Nr. 2* Desember – December 1951 *Volume 1. No. 2*

# PRETORIANA

...BIBLIOTEEK
UNIV... ...N PRETORIA
-9 NOV 1956
Klasnommer 05(68)
Registernommer P. 1/2




## *Genootskap Oud-Pretoria - Old Pretoria Society*

Kopiereg voorbehou Copyright reserved

INHOUD – CONTENTS

Mnr. W. Punt, M.A.: Die toekoms van Kerkplein;
Eeufees-album — Stadsraad van Pretoria;
Centenary-Album — City Council of Pretoria;
Extract from Minutes . . . . the Ceremony of the Laying of the Foundation Stone of the Nationale Bank & Mint Buildings (1892);
Mnr. W. Punt, M.A.: Onderhoud met Mnr. Kirkness;
Mnr. J. C. Vlok: Digterlike Ou Pretoria;
Mrs. P. E. Punt: Investigation Baines Paintings of Pretoria;
Dr. J. Ploeger: Two Telegrams to Pretoria;
Dr. F. J. du Toit Spies: Die oorsprong van ons Straatname (II);
Dr. T. S. van Rooyen: Oorlog en 'n Koerant.

# GENOOTSKAP OUD-PRETORIA
# OLD PRETORIA SOCIETY

(Gestig 22 Maart 1948) (Founded 22 March, 1948)

Bestuur - Committee

W. Punt (Voorsitter/Chairman); Prof. Dr. A.N. Pelzer (Onder-voorsitter/Vice-Chairman); Dr. F.J. du T. Spies (Sekretaris/Secretary); Mej./Miss J.H. Davies, M.A.; (Onder-Sekr./Vice-Secr.); Dr. J. Ploeger (Penningmeester-Argivaris/Treasurer-Archivist); Mnr./Mr. J.P. Kleynhans; Dr. V. FitzSimons; Mevr./Mrs. H. Greenless; Mnre./Messrs. J.P. Jooste; J.C. Vlok; H.P.H. Behrens.

Redaksieraad van "Pretoriana"/Editorial Board of "Pretoriana": Mej./Miss J.H. Davies, M.A., Dr. F.J. du T. Spies; Dr. J. Ploeger; Mnr./Mr. J.C. Vlok.

Adres van die Sekretaris/Address of the Secretary: Dr. F.J. du Toit Spies; Posbus/P.O. Box 1422, Pretoria.

Verantwoordelik vir Nrs. 1 en 2/Responsible for Nos. 1 and 2: Dr. J. Ploeger.

## GENOOTSKAP OUD-PRETORIA
## GRONDWET 1949

1. Die naam van die vereniging is die "Genootskap Oud-Pretoria".
2. Die werksaamhede van die Genootskap sal hoofsaaklik tot die stad en distrik van Pretoria beperk wees.
3. Die Genootskap tree as 'n selfstandige liggaam op en stel hom ten doel:
   a) Om histories-belangrike geboue en plekke op te spoor en outentieke gegewens daaromtrent in 'n register, vir dergelike doeleindes daarop na te hou, aan te teken.
   b) Om onbeheerde of onvoldoende beheerde geskiedkundige voorwerpe of materiale na te gaan en vir die behoorlike bewaring of instandhouding daarvan die nodige stappe te doen.
   c) Om dokumente, voorwerpe of materiale van geskiedkundige belang te versamel en, na gelang van omstandighede, self daarvoor te sorg, of dit aan die mees geskikte liggaam of inrigting vir veilige bewaring te oorhandig.
   d) Om geskiedkundige feite in geskrif, beeld of andersins te verewig, en pogings aan te wend dit deur outentieke gegewens aan te vul en af te rond, ter bevordering van 'n getroue daarstelling van die geskiedenis van die stad en distrik van Pretoria.
   e) Om op eie inisiatief planne te beraam en handelend op te tree in verband met geskiedkundige feesvierings, wat Pretoria tot uitgangspunt het.
   f) Om behulpsaam te wees met die vasstelling, verlening of verandering van geskiedkundige benaminge vir enige gedeelte of ondergedeelte, soos b.v. ten opsigte van strate, pleine, waterlope en kenmerkende plekke, van die stad of voorstede of die distrik van Pretoria.
   g) Om alle stappe vir die behoorlike uitvoering van die Genootskap se doelstellings, te doen.

(Vervolg op bls. 3 omslag) (Continued on p. 3 of the cover)

4. Die Genootskap, met volle behoud van sy eie identiteit, verklaar hom bereid om met die bevoegde outoriteite van die Unie-regering, die Transvaalse Provinsiale Administrasie, die Munisipaliteit van Pretoria, en na goedvinde, met enig ander inrigting, liggaam of persoon, as medebelanghebbende saam te werk ter verwesenliking van bogemelde doeleindes.
5. a) Die aantal lede van die Genootskap is beperk tot honderd, maar die bestuur behou hom die reg voor om in besondere gevalle van hierdie reel af te wyk.
   b) Alle persone wat tot die stigting van die Genootskap bygedra het, en persone wat op uitnodiging van die bestuur tot die Genootskap toetree, sal lede wees, op voorwaarde dat niemand lid mag wees wat nie ten minste een jaar in die stad of distrik van Pretoria woonagtig was nie.
   c) Die bestuur behou die reg om, sonder opgaaf van die redes daarvoor, lidmaatskap te beëindig.
   d) Wanneer 'n persoon lid van die Genootskap word, sal verwag word dat hy of sy 'n toetredingsgeld van vyf sjielings betaal, en die bestuur sal die reg hê, wanneer nodig, om verdere heffings van hoogstens vyf sjielings per jaar te doen; (tans 7s.6d. of 10s.).
6. Die bestuur van die Genootskap bestaan uit 'n voorsitter, 'n onder-voorsitter, 'n sekretaris, 'n onder-sekretaris, 'n penningmeester, 'n argivaris en vier andere lede. Ses bestuurslede wat sal insluit die voorsitter of onder-voorsitter en die sekretaris sal 'n kworum vorm. Die bestuur sal gekies word op die algemene jaarvergadering met die verstandhouding dat die bestuur, wat op die eerste vergadering gekies is, aan bewind bly tot die eerste algemene jaarvergadering in November 1949.
7. Die bestuur sal gemachtig wees om onderkomitees van lede van die Genootskap aan te stel om op een of ander onderwerp in te gaan. Enige onderkomitee het die reg van aanvulling, nie noodwendig uit lede van die Genootskap nie.
8. Die jaarvergadering van die Genootskap sal in November van elke jaar gehou word, en die bestuur het die reg om van tyd tot tyd buitengewone vergaderings te belê.
9. Hierdie grondwet kan deur 'n twee-derde meerderheid van die aanwesige lede op 'n vergadering gewysig word, mits 'n maand kennis van so'n vergadering en van die voorgestelde wysigings gegee word.
10. Afrikaans en Engels is die amptelike tale van die Genootskap.

Ekstra eksemplare verkrybaar by:

**UNIE-BOEKHANDEL**
Kerkstraat 236, Pretoria.

Extra copies obtainable at:

**UNION-BOOK STORE**
236, Church Street, Pretoria.

Prys: 1/- per eksemplaar. Price: 1/- a copy